3.2.4 Departementshoofde sal steeds lynfunksie-aangeleenthede direk aan sy verantwoordelike Minister deurgee.

3.3.1 Omdat die skepping van die Nasionale Koördineringsmeganisme (NKM) en die gepaardgaande afskaffing van die Werkkomitee (WK), Kern Werkkomitee (KWK) sowel as die NGBS en sy komitees 'n leemte op die Veiligheidsterrein gelaat het, het die Staatspresident toestemming verleen dat ondersoek ingestel word na meganismes om die leemte te vul.

3.2.2 Die DG's gemoeid met Veiligheidsaangeleenthede het besluit om in die plek van die ou KWK 'n Veiligheidskomitee (VK), te stig. Die samestelling van hierdie Komitee is soos volg:

- (1) DG NI (Voorsitter)
- (2) SAW
- (3) Kompol
- (4) DG Staatkundige Ontwikkeling
- (5) DG Buitelandse Sake
- (6) DG Justisie
- (7) Sekretaris-generaal van die SP se kantoor
- (8) Hoof van die Veiligheidsektariaat
- (9) Sekretaris (NI).

3.3.3 Hierdie komitee vergader twee weekliks voor die SVR en is verantwoordelik vir die koördinerende van alle Veiligheidsaangeleenthede op nasionale vlak, sowel as verslagdoening aan die Staatsveiligheidsraad (SVR) en Kabinetskomitee vir Veiligheidsake (KKVS).

SSC Secretariat.

3.4.1 Die konsep van interdepartementele taakgroepe op nasionale vlak word behou en hulle word deur die direkteurs-generaal van die Komitee van Departementshoofde geaktiveer soos nodig met die ondersteuning en bystand van die Kabinetsekretariaat en/of Veiligheidsekretariaat. Die Interdepartementele Komitees van die SSVR (behalwe die ~~CCS~~ *CCS*), Nasionale Sekerheidskomitee, SATEKG en die GVS) sowel as die NGBS tesame met sy sub- komitees NASGIK, NASLEM, NASVEI en NKS is afgeskaf. *↳ Nat Joint Management Committee*

3.4.2 Die volgende veiligheids ITG's bestaan tans:

- (i) Die Gesamentlike Veiligheidstaf (GVS).
- (ii) Die Suid-Afrikaanse Telekom en Elektriese Kragvoorsieningsgesag (SATEKG).

JSS

(iii) Die Suid-Afrikaanse Verbindingsekerheidsagentskap (SAVSA) ?

3.4.3 Die Gesamentlike Veiligheidstaf (GVS) JSS

Die GVS tree as operasionele uitvoeringskoördineerder van die Veiligheidsgemeenskap op.

3.4.3.1 Beginsels

- a. Gekoördineerde gesamentlike veiligheidsmagoptredes.
- b. Respektering van lynfunksies.

3.4.3.2 Doel

Om die beplanning, uitvoering en monitering ten opsigte van alle gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak te koördineer en te verseker dat dit ook op streek- en plaaslike vlakke gedoen word.

3.4.3.3 Samestelling

a. Volle Vergadering

i. Vaste lede

SA Polisie

- (1) Hoof Operasionele Tak (Voorsitter)
- (2) Adj Hoof Operasionele tak.
- (3) Snr Adj Kommissaris Tin en Onlustebeheer
- (4) SAP(V) verteenwoordiger
- (5) SAP Nodale punt (Mede Sekretaris)

SA Weermag

- (1) Hoof van Staf Operasies (Alternatiewe voorsitter)
- (2) Adj Hoof van Staf Operasies
- (3) HLeër S Ops
- (4) SO1 Ops RSA-HSOPS (Sekretaris)

Hoof Veiligheidsekretariaat (HVS) (NI)

ii. Gekoöpteerde lede

- i. Veiligheidswetgewing
- ii. Justisie
- iii. Gevangenisdiens
- iv. Provinsies (Burg B)
- v. Kabinetsekretariaatvertenwoordiger
- vi. Enige ander departement wat geraak word deur bepaalde veiligheidsprobleme.

NIS no lede
Permanent

11-1-92

1) Permanent members:

→ SAP

1) CIO is the main body of the

OC, the Security Protection

OC, the Control + the

11-1-92

CIS

JSS Secretariat

11-1-92

11-1-92

11-1-92

11-1-92

11-1-92

1) Co-opted members:

NIS

Judicial Security Legislation

11-1-92

11-1-92

(NCM Secretariat)

JSS

b. Voorsitterskap

Kan op grond van die tipe veiligheidsprobleem deur die SAP of SAW waargeneem word.

c. Sekundi

Die persoon onmiddellik ondergeskik aan bogenoemde lede, en met toestemming van die voorsitter.

d. Dagbestuur

- i. SAP senior Adjunk Kommissaris Tin en Onlusteheer.
- ii. SAW Adjunk Hoof van Staf Operasies.
- iii. Sekretaris.

3.4.3.4 Skakelkanale

JSS
Die GVS skakel met die volgende instansies:

- a. Hoër op in die NKM hiërargie met die Veiligheidskomitee en die Veiligheids- en Kabinetsekretariaat.
- b. Sywaarts met die ander interdepartementele Veiligheidstaakgroepe.
- c. Laer af in die hiërargie met die Veiligheidskomitees van die GKS' en die PKS'e.

JCC's

3.4.3.5 Verantwoordelikheid

Die GVS doen slegs aan die Veiligheidskomitee (VK) verantwoording.

3.4.3.6 Funksies

- a. Identifisering van terreine vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak. (Ooreenkomstig bepalings in die beleidsverklaring oor SAW en SAP verantwoordelikhede).
- b. Koördinering van gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak.
- c. Opstel en deurlopende opdatering van gebeurlikheidsplanne wat daarop gemik is om enige negatiewe veiligheidsituasie wat bestaan of potensieël kan ontwikkel, te hanteer.
- d. Verskaffing van riglyne vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes op streeksvlak aan GKS'e.
- e. Koördinering van opleiding ten opsigte van veiligheidskomponente van GKS'e. JCC's
- f. Die hantering van die ATO (Staatsoorlogsboek).
- g. Verslagdoening van die VK.

3.4.3.7 Werkswyse

a. Dagbestuur (Taktiese vlak)

i. Lede skakel deurlopend met mekaar om te verseker dat gesamentlike veiligheids-
magoptredes betyds identifiseer en suksesvol uitgevoer word. Vergaderings word belê
soos die situasie dit vereis.

ii. Deurlopende skakeling met die Kabinetsekretariaat en Veiligheidskomponente van
die GKS'e word ook gedoen om te verseker dat potensiële veiligheidsprobleme betyds
identifiseer en hanteer word.

b. Volle vergadering (Strategiese vlak)

i. Word soos die situasie vereis bymekaar geroep om die veiligheidsituasie te
evalueer, beplanning te doen en moontlike aanbevelings aan die VK te doen.

ii. Prosedure

Vergadering word geopen deur 'n veiligheidsvoorligting deur die
Veiligheidsekretariaat en aangevul (waar nodig) deur die ander lede.

Behoeftes aan gesamentlike optredes word identifiseer en die betrokke
funksionaris word getaak met die uitvoering.

Verslag oor die funksionering van die stelsel op streek- en plaaslike vlakke word
deur die Dagbestuur gedoen.

Moontlike verslae en/of aanbevelings aan die VK word oorweeg.

Alle opvolg stafwerk word deur die sekretaris gedoen.

3.4.3.8 Beleidsverklarings

Voorskrifte vir implementering van spesifieke aangeleenthede deur alle
veiligheidsmagte word, nadat dit deur lynfunksionarisse departementeel uitgeklaar en
deur die GVS goedgekeur is, aan alle betrokkenes uitgereik.

3.5 Kabinetsekretariaat en Veiligheidsekretariaat

3.5.1 Kabinetsekretariaat

3.5.1.1 Die Kabinetsekretariaat is oorhoofs verantwoordelik vir die funksionering van
die Nasionale Koördineringsmeganisme, asook vir Kabinetsdienste.

3.5.1.2 Die Kabinetsekretariaat is verantwoordelik vir die volgende funksies:

(i) Sekretariële dienste aan die Kabinet, KKSS, KKMS en KKES, die Komitee vir
Departementshoofde en sy moontlike onderverdelings, en toepaslike Inter-
departementele Taakgroepe.

(ii) Fasiliterende dienste wanneer departemente betrek word by toepaslike aangeleenthede wat gesamentlike beplanning en optrede vereis.

(iii) Koördinerings van vertolkte tendens-inligting op welvaartsterrein.

(iv) Ondersteunende dienste aan die streek- en plaaslike sekretariate van GKS'e en PKS'e volgens behoefte.

(v) Die Kabinetsekretariaat moet drie-maandeliks verslag aan die Kabinet doen oor die funksionering van die Koördineringsmeganisme.

3.5.2 Veiligheidsekretariaat

The DMI document says there is also a National Interpretation Branch which is

3.5.2.1 Die Veiligheidsekretariaat bestaan uit die takke Strategiese Kommunikasie, Strategie en Administratiewe Ondersteuning, en is vir die volgende funksies verantwoordelik: *See 3.1.4*

(a) Die lewering van die sekretariële dienste aan die SVR, Kabinetskomitee vir Veiligheidsake (KKVS) en Veiligheidskomitee (VK)

(b) Die koördinerings van strategiese kommunikasie

(c) Strategiedokumentering (Opmerking: Die funksionele verantwoordelikhede vir die strategiese en stratkomfunksies berus by die lynfunksionarisse)

(d) Navorsing en opleiding

(e) Daarstelling volgens behoefte van die betrokke DG's van interdepartementele taakgroepe (ITG'e) wat direk betrekking het op die lynfunksies van veiligheidsfunksionarisse.

3.6 Gesamentlike Koördinerende Sentra : Doel, samestelling, en funksies

3.6.1 Dit is die Regering se beleid dat die bestuur van die owerheid op 'n gedesentraliseerde basis op streekvlak bedryf word ter bereiking van die owerheid se doelwitte.

3.6.2 Op streekvlak is die GBS'e vervang deur Gesamentlike Koördinerende Sentra (GKS'e) wat op dieselfde wyse saamgestel word as die GBS'e in die verlede, met dien verstande dat die streek se behoeftes dit anders kan bepaal.

3.6.3 GKS-doel

Om op streekvlak op 'n koste-effektiewe wyse koördinerings en dus gesamentlikheid tussen die owerhede onderling, die gemeenskap en die private sektor te bevorder ten einde welvaart en veiligheid binne sy geografiese gebied te verseker.

3.6.4 GKS-samestelling

(i) Die volle vergadering bestaan uit die streekverteenvoordigers van die tersaaklike staatsdepartemente en administrasies sowel as ander noodsaaklike persone in die

SOAK = Reg. Dvpt. Advisory Committee
-9- SOV = Regional Dvpt. Association
DOV = District Dvpt. Association

betrokke gebied. Dit is belangrik dat die GKS nie lomp gemaak word deur verdere koördineringsliggame te skep om die private sektor te akkommodeer nie. In uitsonderlike gevalle kan private persone van noodsaaklike belang in die GKS dien. Dit moet egter nie tot gevolg hê dat die georganiseerde handel, landbou ens wat reeds in die SOAK verteenwoordig is, ook in die GKS gedupliseer word nie. Die wedersydse verteenwoordiging van die voorsitters van die GKS/SOAK en (PKS/SOV) en/of DOV is noodsaaklik. Weens die private sektor verteenwoordiging in die GKS is dit belangrik dat 'n sisteem gevind word waarvolgens geklassifiseerde inligting binne GKS-verband hanteer kan word of direk met lynfunksionarisse. Die GSF/OV, is 'n organisasie wat suiwer vanuit die gemeenskap self ontstaan en het dus nie 'n amptelike owerheidsektor karakter nie. Persone of instansies wat hierop verteenwoordig word, is inwoners van die gemeenskappe op plaaslike vlak.

GSF = Community
Liaison Forum
OV = Dvpt.
Association

- (ii) Die Voorsitter/Medevoorsitter word deur die vergadering self verkies.
- (iii) 'n Dagbestuur kan gevorm word.
- (iv) Ten einde effektiewe en doeltreffende funksionering te verseker behoort die daarstelling van die volgende strukture/komponente oorweeg te word:
 - (a) 'n Komitee wat veiligheidsaangeleenthede hanteer ondersteun deur 'n operasionele sentrum. Die voorskrifte vir die instelling en werksaamhede van Veikoms sowel as die wyse van skakeling met GKS'e en PKS'e is in Afdeling 6 vervat.
 - (b) 'n Komitee wat staatkundige, ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede hanteer. Die samestelling kan aangepas word volgens die streeksbehoefte.
 - (c) 'n Komitee wat kommunikasie hanteer. Die riglyne ten opsigte van die hantering van kommunikasieaangeleenthede sal so spoedig moontlik voorsien word.
 - (d) 'n Komitee wat inligting kan hanteer wat deur 'n inligtingsentrum ondersteun word. Die voorskrifte vir inligtingsvoorsiening aan GKS'e en PKS'e is in Afdeling 7 vervat.
 - (e) 'n Sekretariaat wat, waar moontlik, deur die betrokke provinsiale owerheid verskaf moet word.

By die moontlike samestelling van sub-komitees moet daarteen gewaak word dat die eenheidsgevoel nie verlore gaan nie. Komitees moet hulleself nie as "outo-noom" beskou nie, maar as deel van die GKS.

3.6.5 GKS-funksies

- (i) Verkry 'n streekperspektief van die heersende welvaart- en veiligheidsomstandighede (Bepaal prioriteite).
- (ii) Koördineer gesamentlike beplanning, waar meer as een instansie betrokke is.
- (iii) Bevorder gesamentlikheid tussen departemente.

(iv) Verkry noodsaaklike private sektor betrokkenheid op streekvlak gerig op die streekbehoefte.

(v) Bevorder 'n voorkomings- en ontwikkelingsgerigte benadering.

(vi) Bied ondersteuning aan die plaaslike koördinerende sentra.

(vii) Hanteer aangeleenthede wat deur PKS'e verwys word.

(viii) Doen verslag aan die Kabinet via die Kabinetsekretariaat.

(ix) Bepaal opleidingsbehoefte vir effektiewe funksionering.

3.7 Plaaslike Koördinerende Sentra (PKS'e) : Doel, samestelling, en funksies

3.7.1 Op die plaaslike vlak word die voormalige mini GBS'e en PBS'e vervang deur Plaaslike Koördinerende Sentra wat kan onderverdeel in funksionele groeperings soos wat die plaaslike behoefte vereis.

3.7.2 PKS-doel

Om op plaaslike vlak op 'n koste-effektiewe wyse koördinerende en dus gesamentlikheid tussen die owerhede onderling, die gemeenskap en die private sektor te bevorder ten einde welvaart en veiligheid binne sy geografiese gebied te verseker.

3.7.3 PKS-samestelling

(i) Verteenwoordigers van die owerheidsektor asook ander noodsaaklike private sektor persone wat op plaaslike vlak funksioneer (Plaaslike owerhede is ook hier van uiterste belang).

(ii) Die Voorsitter/Medevoorsitter word deur lede self aangewys.

(iii) 'n Dagbestuur en/of subkomitees kan gevorm word.

(iv) 'n Sekretariaat wat verkieslik deur die provinsie of plaaslike owerheid verskaf word.

(v) Projekspanne wat indirek deel van die PKS is, kan gevorm word.

3.7.4 PKS-funksies *(No mention of security duties?)*

(i) Uitbouing, bevordering en vestiging van 'n spanbenadering (gesamentlikheid) op plaaslike vlak.

(ii) Doelbewuste bevordering van voorkomings- en ontwikkelingsgerigte aksies.

(iii) Behulpzaam in die daarstelling van projekspanne. ('n Uiteensetting van die rol, doel en funksies van projekspanne is in Afdeling 4). *(page 13)*

(iv) Ondersteuning aan die projekspanne, plaaslike owerheid en die gemeenskap se ontwikkelingstruktuur.

(v) Hantering van aangeleenthede wat vanuit die gemeenskap en plaaslike owerheid verwys word.

(vi) Koördinerings van beplanning waar meer as een instansie betrokke is.

(vii) Mobilisering van die private sektor-betrokkenheid op grondvlak in die uitvoering van projekte/aksies.

(viii) Verslagdoening aan die GKS vir opname in die gekonsolideerde verslag aan die Kabinet.

(ix) Bepaling van opleidingsbehoefte.

(x) Maak seker dat die bepaling van die gemeenskappe se behoeftes op plaaslike vlak 'n weerspieëling is van die werklik beleefde behoeftes.

3.8 Algemene riglyne vir die funksionering van Gesamentlike Koördinerende Sentra (GKS'e) en Plaaslike Koördinerende Sentra (PKS'e)

3.8.1 GKS'e en PKS'e omsluit sowel veiligheid- as welvaartaangeleenthede ten einde streek- en plaaslike behoeftes te akkommodeer.

3.8.2 GKS'e en PKS'e se samestelling in owerheidsverband word beperk tot plaaslik-beskikbare beamptes. Ministers is versoek om die nodige reëlins met hulle departementshoofde te tref dat departemente by die strukture van die NKM inskakel soos wat hulle by die vorige NBS ingeskakel het.

3.8.3 Die verkiesing van voorsitters word plaaslik self hanteer sonder tussenkoms van die Kabinetsekretariaat.

3.8.4 Dit is verkieslik dat die voorsitter van een komponent binne die koördineringsmeganisme nie ook as voorsitter van ander komponente binne die koördineringsmeganisme optree nie. Die voorsitter van 'n GKS of PKS behoort eweneens ook nie 'n lid te wees van een van sy komitees nie. Dit sal verseker dat hy meer tyd tot sy beskikking het om ander breë skakeling te bewerkstellig.

3.8.5 Probleme en behoeftes wat op streek- en plaaslike vlak geïdentifiseer word en nie aldaar deur die GKS opgelos kan word nie, moet deur die lynfunksie-amptenaar na die betrokke departementshoof (en vir die GKS-sekretariate ter info) deurgevoer word sodat departementshoofde en hulle Ministers kennis kan neem van probleme wat op die grondvlak ondervind word.

3.8.6 Verslagdoening

PKS'e moet soos deur GKS'e bepaal aan die GKS'e verslag doen sodat daar jaarliks op 31 Maart en op 30 September aan die Kabinetsekretariaat verslag gedoen kan word na aanleiding van 'n besluit van die Kabinet wat die inligting verlang. Spesifieke

besonderhede wat in die verslae verlang word sal deur die Kabinetsekretariaat aangedui word.

3.8.7 Alle personeeluitgawes sal uit die departemente se eie begrotings bestry word.

4. PROJEKSPANNE

4.1 Inleiding

Indien die welvaart van die land steeds op 'n beter grondslag geplaas wil word, sal dit nodig wees om vier vennote in 'n eenheid saamgesnoer te kry om aksiegerigte programme en projekte aan te pak. Hierdie vier vennote is:

- * streekdiensterade en plaaslike owerhede *RSC's + local authorities*
- * staatsdepartemente *State departments*
- * gemeenskap (teikengroep) self *Community (target group)*
- * private sektor *Priv. Sector*

Projekspanne kan bestaan uit enige een van die vier vennote alleen of uit 'n kombinasie daarvan. Projekspanne word saamgestel op grond van behoeftes en probleme wat in gemeenskappe geïdentifiseer word en vervolgens aangespreek moet word. Die PKS moet in hierdie verband die nodige inisiatief neem ten opsigte van daardie probleme of behoeftes wat binne die raamwerk van die PKS aangespreek moet word.

Die breë uitgangspunt wat geld is dat hierdie vennote volgens die spesifieke behoefte of aksie wat benodig word in 'n eenheid saamgevoeg word. In effek kan dit beteken dat vir 'n spesifieke behoefte al vier vennote vir 'n projek betrek word. In ander gevalle mag slegs twee of selfs net een van die vier vennote betrek word.

Hierdie vier vennote word dan gesamentlik of afsonderlik, na gelang van omstandighede, in 'n projekspan saamgevoeg om 'n spesifieke projek aan te pak en af te handel. So 'n projekspan maak nie formeel deel uit van die GKS of PKS nie, maar ad-hoc samesprekings, beraadslaging en terugrapportering aan gemelde strukture is wel noodsaaklik. Nadat 'n projek afgehandel is sal so 'n projekspan ook "ontbind".

Dit is moontlik dat sekere van die vennote (individue) by selfs meer as een projekspan betrokke kan wees.

Die voordeel van die projekspanne is veral die volgende:

- * hulle het nie nodig om by die geskeduleerde vergaderings van die PKS teenwoordig te wees nie.
- * die projekspanne kan al hul tyd en energie op aksiegerigtheid instel (projekte).

Projekspanne moet veral konsentreer op die werklike gevoelde behoeftes van gemeenskappe, soos laasgenoemde dit uit sy eie geledere bepaal het.

Projekspanne kan op grond van twee benaderings saamgestel word:

eerstens op grond van behoeftes of probleme wat deur formele of ander instansies binne en buite die gemeenskap bepaal word bv watervoorsiening, gesondheidsdienste, ensomeer.

tweedens op grond van die werklik gevoelde en beleefde behoeftes wat deur die

gemeenskap self of die teikengroep bepaal word.

4.2 Uitgangspunte

Die uitgangspunte wat by projekspanne moet geld is veral die volgende:

eerstens moet dit aksiegerig wees. Dit impliseer dat spesifieke behoeftes of probleme met konkrete aksies aangespreek moet word.

tweedens dat projekspanne bly voortbestaan totdat die spesifieke aksie afgehandel is en dan "ontbind". Dit bevestig dus dat 'n projekspan doelgerig moet wees en nie net in naam moet funksioneer nie.

derdens sal die behoefte of probleem bepaal of 'n projekspan nodig is al dan nie. Projekspanne moet dus eers in werking gestel word as daar 'n behoefte daarvoor is en nie andersom nie.

vierdens moet 'n geïntegreerde benadering gevolg word wat impliseer dat owerheidsamptenare, lede van die gemeenskap self, asook private sektor persone in 'n projekspan saamgevoeg kan word. Alles sal afhang van die projek of aksie en wie almal as hulpbron moet dien.

vyfdeens moet gepoog word om 'n projekkoördineerder daar te stel wat verkieslik 'n persoon van die Provinsie of Plaaslike Owerheid kan wees om deurlopend die onderskeie projekspanne se vordering en modes-operandi te monitor en waar nodig ondersteuning te verleen.

sesdens moet die projekspanne nie as direkte deel van die PKS gesien word nie, maar dat vordering van die projekspanne wel aan die PKS voorgelê word vir die nodige verslagdoening aan die GKS, wat weer 'n gekonsolideerde verslag sal voorlê vir opname in die verslag aan die Kabinet.

Die instelling van 'n projekspan bring die filosofie van ontwikkeling en vennootskap tussen die onderskeie rolspelers sterk na vore. Hierdie filosofie word wêreldwyd bevestig en die Verenigde Nasies beklemtoon ook die sinvolheid van so 'n benadering waar Derde Wêreld omstandighede verbeter moet word na Eerste Wêreld situasies. Anders gestel, waar lewenskwaliteit van mense verbeter moet word, kan 'n ontwikkelingsgerigte benadering as een van die werkswyses wat daartoe kan bydra om lewenskwaliteit te verhoog, aangewend word.

Ander meer direkte benaderingswyses is ook nodig en die projekspangedagte elimineer nie hierdie ander benaderings nie.] ?

Die belangrikste aspekte wat die projekspan-gedagte praktykgerig maak is die noodsaaklike vennootskap tussen die owerheid, private sektor en die gemeenskappe of teikengroepe self. Sonder hierdie vennootskap en eenheid van optrede kan geen regering die lewenskwaliteit of lewensomstandighede van mense verbeter nie.

Die groot uitdaging veral op plaaslike vlak is en bly steeds om die private sektor sterker by aksie of projekgerigte programme wat afgestem is op spesifieke teikengroepe betrokke te maak. In hierdie opsig het die PKS 'n belangrike en deurlopende funksie om te vervul.

NB

5. SKAKELFORUMS OF ONTWIKKELINGSVERENIGINGS BINNE GEMEENSKAPSVERBAND (GSF's)

5.1 Inleiding

Die Nasionale Koördineringsmeganisme wat op streek- en plaaslike vlak sy neerslag vind in die Gesamentlike Koördineringsentra (GKS) en die Plaaslike Koördineringsentra (PKS) benodig 'n indirekte verlengstuk of 'n meganisme na die gemeenskap as sodanig. Hierdie meganisme is veral noodsaaklik om die owerheid en die gemeenskap self asook die private sektor se bedrywighede en aksies te sinchroniseer.

Hierdie meganisme behoort basies vanuit die gemeenskap of die teikengroep gevorm te word en moet nie uit 'n beduidende getal owerheidsamptenare bestaan nie. So 'n meganisme het by onderskeie gemeenskappe in die verlede bekend gestaan as 'n Gemeenskapskakelforum (GSF) of 'n Ontwikkelingsvereniging.

Die naam wat so 'n meganisme genoem word is nie belangrik nie, wat wel belangrik is, is sy samestelling en funksionering, wat verder aan bespreek word.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tans veral op Swart- en Kleurlinggemeenskappe gekonsentreer word ten einde hul lewensomstandighede te verbeter. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat sover dit veiligheid en welvaart van die land aangaan, die ander bevolkingsgroepe nie buite rekening gelaat kan word nie. Hoewel daar 'n klemverskuiwing in terme van behoeftes sal wees, sal alle bevolkingsgroepe met die verloop van tyd aandag vanuit die stelselverband moet verkry.

In hierdie stadium is dit byvoorbeeld belangrik om die goedgesindheid en samewerking van die Blankes te verkry om met opheffingswerk behulpsaam te wees in swart dorpe, om onder andere, daardeur te help om die veiligheid en welvaart van alle inwoners van die land te verseker en te verbeter.

5.2 Rasionaal van GSF's of Ontwikkelingsverenigings

Dit is noodsaaklik om die Derde Wêreld gemeenskappe in die land by te staan om sodoende nader aan 'n Eerste Wêreld situasie te beweeg. Dit sal beteken dat sterk klem op sekere vorms van modernisering gelê moet word. In hierdie proses is dit egter noodsaaklik dat gemeenskappe (teikengroep), self in die prosesse betrek moet word. Die volgende is uitgangspunte wat belangrik is en toegepas behoort te word by die funksionering van GSF's of Ontwikkelingsverenigings:

- Gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbetrokkenheid is 'n voorvereiste vir sinvolle funksionering.
- Die kweek van 'n algemene bewustheid in die gemeenskap om aksies en projekte aan te pak ter verbetering van hul eie welvaart.
- Die aanvaarding deur die gemeenskap om sover moontlik selfhelp toe te pas.
- Die toenemende aanvaarding van verantwoordelikheid om 'n beter toekoms in eie reg daar te stel.

- Die erkenning en beskerming van die gemeenskap se menswaardigheid.
- Die beklemtoning en propagering van aksies wat gerig is op die welvaart van die gemeenskap.
- Die bevordering van onderlinge samewerking in die gemeenskap en die vestiging en instandhouding van 'n vennootskapsbasis tussen die gemeenskap; die private sektor en die owerheidsektor, ten einde hul gemeenskaplike verantwoordelikheid ten opsigte van die uitwissing van sosio-ekonomiese vraagstukke doelgerig na te streef.
- Dat die gevoelde en beleefde behoeftes deur die gemeenskappe self identifiseer, die nodige aandag verkry sodat dit binne owerheid en private sektor verband gehanteer kan word.

Hoewel die GSF of Ontwikkelingsvereniging sterk gemeenskapsgerig is en sodanig saamgestel moet word dat dit primêr uit gemeenskapslede moet bestaan, is dit noodsaaklik dat daar 'n direkte kommunikasielyn tussen die GSF of Ontwikkelingsvereniging en die PKS moet wees.

Van die uiterste belang is dat hoewel hier na 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging verwys word, dit slegs 'n soort van versamelnaam is en dat gemeenskappe die reg daartoe moet hê om hierdie meganisme die naam waarmee hy as gemeenskap gelukkig sal wees, te gee.

5.3 Die stigting van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging

Bepaalde voorbereidings is noodsaaklik alvorens daar tot die stigting van so 'n meganisme oorgegaan word. Die belangrikste aspekte hier ter sprake is onder andere:

5.3.1 Die Provinsie, Plaaslike Owerheid en PKS moet vooraf kennis dra van die te stigte GSF of Ontwikkelingsvereniging.

5.3.2 'n Persoon (instansie) moet die primêre verantwoordelikheid neem vir die inisiëring, bemaking en daarstelling van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging. In die geval van so 'n meganisme in swartgemeenskappe sal dit byvoorbeeld primêr die verantwoordelikheid van die betrokke Provinsiale Administrasie se "lynfunksionaris" wees.] ?

5.3.3 Die verantwoordelike persoon behoort meestal 'n persoon binne die raamwerk van die owerheidsektor te wees. So 'n beamppte behoort egter met sy bemakingsaksie en gesindheidskepping in die spesifieke gemeenskap daarin te slaag om die daarstelling van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging deur die gemeenskap self tot stand te laat bring. Hy moet egter steeds in die laaste instansie verantwoordelik gehou kan word vir die daarstelling van so 'n meganisme.

5.3.4 Alvorens daar enigsins in die gedagterigting van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging beweeg word, moet daar eers 'n deeglike situasie-analise gedoen word van strukture wat reeds in 'n gemeenskap funksioneer. Die doel hiervan is veral:

Eerstens om te verhoed dat 'n bestaande struktuur gedupliseer word.

Tweedens om te verseker dat indien daar reeds 'n soortgelyke struktuur is, sy werksaamliede net so behou kan word en gevolglik onnodige insette van die kant van die owerheid uitskakel en sodoende die geloofwaardigheid van die gemeenskap behou word.

Derdens om onnodige verwarring by die gemeenskap uit te skakel.

Vierdens om te verhoed dat lede van die gemeenskap 2 of 3 afsonderlike vergaderings bywoon wat basies dieselfde werk verrig. Hiervan is daar reeds talle voorbeelde in gemeenskappe.

Vyfdens om te verseker dat die owerheid se geloofwaardigheid nie geskaad word deur dupliserende aksies in die gemeenskap te bewerkstellig of te bevorder nie.

5.3.5 Die betrokke beampte wat daartoe sou oorgaan om die stigting van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging te inisieer moet die volgende modus operandi volg:

5.3.5.1 'n Totale situasie-analise of 'n sogenaamde gemeenskapstudie van die gemeenskap doen.

5.3.5.2 Sy eerste kontakpunt moet die plaaslike owerheid wees waar die doel, taak en funksie van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging duidelik uitgespel moet word.

Elke plaaslike owerheid moet die reg daartoe gebied word om te besluit of hy 'n deeglike toeligtig aan 'n groter of kleiner deel van die plaaslike owerheid noodsaaklik ag. In hierdie proses is dit belangrik dat die plaaslike owerheid en die GSF of Ontwikkelingsvereniging nie teenoor mekaar gestel moet word nie, maar as vennote gesien moet word. Dit sal dus noodsaaklik wees dat dié beampte baie duidelikheid het oor plaaslike owerhede se rol, taak en funksie asook die van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging (kyk byvoorbeeld Wet 102/82 ten opsigte van Swart Plaaslike Owerhede).

5.3.5.3 Indien daar in die gemeenskap 'n struktuur is wat as 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging sou kan funksioneer, moet daar, met die medewete van die plaaslike owerheid, met die struktuur onderhandel word sodat dit in die behoeftes van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging kan voorsien.

5.3.5.4 Vervolgens sal daar, indien daar nie reeds 'n struktuur is wat sodanige funksies kan vervul nie, met geïdentifiseerde strukture en saakmakende individue die rasionaal van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging gehanteer moet word. Op hierdie wyse word daar dus bemarkingswerk gedoen en 'n klimaat geskep vir die daarstelling van sodanige meganisme.

5.3.5.5 Nadat 'n gunstige klimaat geskep is, kan na gelang van die spesifieke gemeenskap se situasie die volgende gedoen word:

- die plaaslike owerheid of ander "gesaghebbende" instansie kan 'n gemeenskapsvergadering belê vir die daarstel van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging.
- Verteenwoordigers vanuit die gemeenskap waaronder ook byvoorbeeld voorsitters van wykskomitees in swart woongebiede ressorteer, kan na 'n stigtingsvergadering

genooi word.

- Die volle inhoud van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging, sy doel, taak en funksie met veral die filosofie van ontwikkeling en dus welvaartangeleenthede moet hier weer eens hanteer word. Die gesindhede van die Plaaslike Owerheid en die Staat in terme van welvaartbevordering moet spesifieke aandag verkry.
- Tydens hierdie geleentheid moet die teenwoordige teikengroep daartoe kan oorgaan om 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging daar te stel wat as spreekbuis van die gemeenskap kan optree.
- Hierdie spreekbuis sal veral na twee strukture 'n belangrike kommunikasierol hê om te vervul naamlik;

eerstens as spreekbuis na die plaaslike owerheid

tweedens as spreekbuis na stelselverband wat op plaaslike vlak saamgesnoer is binne die raamwerk van 'n PKS.

5.4 Samestelling van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging

Daar kan nie 'n eenvormige struktuur voorgehou word wat regdeur die land sal geld nie. Die rede hiervoor is dat daar Eerste Wêreld en Derde Wêreld gemeenskappe is en verder verskil gemeenskappe te veel in terme van bestaande strukture en instansies in die gemeenskappe. Die volgende aspekte is egter belangrik om in ag te neem by die samestelling van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging.

5.4.1 Die ideaal sou wees om in elke gemeenskap en dus nie net vir elke dorp nie, 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging te hê. Hoewel dit nie 'n wetmatigheid moet wees nie, sal dit probleme wat later mag ontstaan by die bepaling van veral gemeenskapsbehoeftes kan uitskakel. Indien daar dus in 'n dorp byvoorbeeld 'n Blanke-, Kleurling-, en Swart gemeenskap is sou daar drie GSF's of Ontwikkelingsverenigings kon wees. Die gemeenskappe se behoeftes en nood is dikwels so uiteenlopend dat daar by vergaderings groot frustrasies ontstaan indien hul in net een so 'n meganisme saamgesnoer is.

Indien die behoefte by die gemelde gemeenskappe egter vir slegs een geïdentifiseerde meganisme is, moet volgens die gemeenskap se wense opgetree word.

5.4.2 Indien daar na aanleiding van punt 4.1 onderskeie GSF's of Ontwikkelingsverenigings in 'n dorp bestaan sou dié egter op 'n verteenwoordigende basis op gereelde en ad-hoc basis met mekaar gesprek moet voer en sekere gesamentlike beplannings doen en wedersydse hulpverlening aanbied.

5.4.3 Weer eens moet dit beklemtoon word, dat indien daar 'n bestaande struktuur is wat as 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging kan dien, dié struktuur benut moet word, al moet daar sekere uitbreidings of toevoegings in sy samestelling met verloop van tyd plaasvind.

5.4.4 Die uitgangspunt by die samestelling moet wees dat dit so verteenwoordigend van die gemeenskap as moontlik moet wees. Die volgende instansies kan onder andere

belangrik wees vir die samestelling van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging:

- Georganiseerde handel
- Georganiseerde nywerheid
- Georganiseerde landbou
- Vroueorganisasies
- Jeugorganisasies
- Kultuurorganisasies
- Sportorganisasies
- Diensorganisasies
- Kerke
- Welsynorganisasies
- Plaaslike owerheid
- Wykskomitees
- Diensgroepe
- Leiers in die gemeenskap

Indien hierdie instansies nie in 'n gemeenskap aanwesig is nie, sou hulle op 'n ad-hoc basis as hulpbronne vanuit ander gemeenskappe benut kon word by aksies wat in eersgenoemde gemeenskap geneem moet word om probleme en behoeftes aan te spreek. Uit die aard van die saak sal daar minder van gemelde strukture in 'n Swartgemeenskap aanwesig wees, maar daar mag ook strukture wees, wat nie in bogenoemde lys vervat is nie en nogtans sinvol binne 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging aangewend kan word.

5.4.5 Van kardinale belang is dat daar nie op die GSF of Ontwikkelingsvereniging sterk owerheidsektor verteenwoordiging moet wees nie. Dit beteken dat byvoorbeeld slegs een of twee persone deur die plaaslike owerheid en die provinsiale administrasie (in die geval van Swartgemeenskappe) by 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging betrokke behoort te wees. (Kyk in hierdie verband punt twee waar die filosofie uiteengesit word.

5.4.6 Die GSF of Ontwikkelingsvereniging verkies self sy voorsitter en sekretaris en kan ook 'n dagbestuur aanwys, indien nodig.

5.4.7 Indien die GSF of Ontwikkelingsvereniging sekretariële ondersteuning nodig, kan daar in gesprek met die plaaslike owerheid of PKS gegaan word om oplossings hiervoor te help soek.

5.5 Funksies van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging

Die volgende belangrike funksies wat deur 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging uitgevoer behoort te word is:

5.5.1 Om die gemeenskap se behoeftes en probleme deur die gemeenskap self te laat bepaal of toe te sien dat dit bepaal word.

5.5.2 Om die gemeenskap te benut om self sy prioriteite ten opsigte van probleme en behoeftes te bepaal.

5.5.3 Die aanwys, identifisering en of skep van promotors of hulpbronne ten einde aksies gerig op gemelde prioriteite uit te voer.

5.5.4 Om gemeenskapsbetrokkenheid te mobiliseer by die gemeenskap se welvaart (direk) en of veiligheidsituasie (indirek).

5.5.5 Die opstel van gemeenskapsaksieplanne en die deurlopende evaluering van die vordering daarvan.

5.5.6 Die inisiëring van projekte wat gerig is op behoeftebevrediging in die gemeenskap.

5.5.7 Om private sektor betrokkenheid by aksieplanne te bekom en te bevorder.

5.5.8 Om sinvolle kommunikasie met die owerheid uit te bou en in stand te hou.

5.5.9 Om probleme of behoeftes wat deur die owerheid aangespreek moet word, na die PKS te verwys.

5.5.10 Om die gemeenskap deurlopend op die hoogte te hou of te laat hou met die vordering wat daar met aksieplanne gemaak word.

5.5.11 Om behulpsaam te wees met die saamstel van projekspanne om spesifieke aksies in die gemeenskap van stapel te stuur.

5.6 Skakelmeganismes

Die GSF of Ontwikkelingsvereniging en die PKS moet 'n sinvolle skakelingsprosedure tot stand bring. Dit sal impliseer dat verteenwoordigers van eersgenoemde op bepaalde tye by die PKS sal aansluit om sekere sake na behoefte daar te hanteer. Dieselfde sal ook geld waar verteenwoordigers van die PKS op bepaalde tye by die GSF of Ontwikkelingsvereniging sal aansluit. Afsien van vaste en geskeduleerde bywonings van samesprekings of vergaderings van tyd tot tyd, soos reeds na verwys, kan daar ook op 'n ad-hoc basis skakeling na behoefte plaasvind.


Die plan van aksie wat vanuit die gemeenskap saamgestel is en wat 'n weerspieëling is van die behoeftes en probleme van die gemeenskap, sal tydens hierdie gemelde skakeling die inhoud van die samesprekings vorm.

Nadat so 'n aksieplan opgestel is en die gemeenskap homself ook getaak het om sekere aksies self te hanteer en af te handel, moet hierdie aksieplan aan die PKS voorgelê word, sodat die owerheidsektor se verteenwoordigers hulself daarin kan taak.

Nadat laasgenoemde afgehandel is beskik die PKS oor 'n volledige plan van aksie wat die gemelde behoeftes van die gemeenskap reflekteer en wat gevolglik by die uitvoering daarvan die samewerking en goedgesindheid van die gemeenskap sal verseker aangesien hulle deel gehad het in die opstel van die plan.

Die PKS kan verder 'n belangrike rol speel in die mobilisering van veral die private sektor by die uitvoering van die aksieplan. In hierdie opsig word onder andere gedink aan die rol wat die onderskeie SOAK's, SOV's en DOV's in hierdie verband kan speel.

SKAKELMEGANISMES: OWERHEID EN PRIVATE SEKTOR



Skemasies voorgestel sal die skakeling tussen die owerheid se Nasionale Koördineringsmeganisme en die "private sektor" soos volg daaruit sien:

6. DIE INSTELLING EN FUNKSIONERING VAN VEILIGHEIDSKOMITEES (VEIKOMS)

6.1 Die Veikom op alle vlakke

6.1.1 Agtergrond

Die bestuursfunksie van interdepartementele liggame soos die ou GBS is onder die nuwe stelsel met 'n suiwer koördineringsfunksie vervang. Omdat die GKS op streek- en PKS op plaaslike vlak dus ook nou slegs 'n koördineringsfunksie vervul, word sterk op die effektiewe funksionering van lynfunksie departemente gesteun. Vir die Veiligheidsmagte beteken hierdie klemverskuiwing dat die SAP as primêre lynfunksionaris ten opsigte van die bewaring van die binnelandse veiligheid die hoofakteur op die veiligheidsterrein is. Die SAW is egter steeds soos deur die Staatspresident ingevolge die Verdedigingswet in diens gestel ter voorkoming of onderdrukking van terrorisme en binnelandse onluste.

6.1.2 Huidige situasie

Omdat die aanwending van die volle vermoë van die staat as beginsel vir die bekamping van die rewolusionêre aanslag steeds geld, is dit noodsaaklik dat die SAP en SAW op veiligheidsterrein ook steeds sal moet saamwerk. Om te verseker dat hierdie samewerking effektief en tot voordeel van die RSA geskied, het die GVS besluit dat die volgende voorskrifte op streek- en plaaslike vlakke gevolg moet word:

6.1.2.1 Beginsels

- i. Gekoördineerde gesamentlike veiligheidsmagoptredes.
- ii. Respektering van lynfunksies.

6.1.2.2 Verantwoordelikhede

- i. Die bewaring van die RSA se binnelandse veiligheid is die lynfunksie verantwoordelikheid van die SAP, en die SAW tree in ondersteuning op. Omdat hierdie twee departemente onderling met mekaar moet koördineer, moet daar op streek- en sub-streekvlakke 'n Veikom aktiveer word om samewerking te vergemaklik.
- ii. Die verskaffing van veiligheidsinligting op streek-, sub-streek- en plaaslike vlakke is die lynfunksie verantwoordelikheid van die SAP(V), wat as inligtingsvoorsieningsinstansie van die uitvoeringkomponent dien.
- iii. Die detail afbakening van SAP en SAW verantwoordelikhede sal as 'n beleidsverklaring deur die GVS uitgevaardig word.

6.1.2.3 Doel van die veiligheidsmag koördineringsmeganisme. Om die beplanning, uitvoering en monitering ten opsigte van alle gesamentlike veiligheidsmagoptredes te koördineer.

6.1.2.4 Voorvereistes vir suksesvolle gesamentlike optredes

- i. Vroeë waarskuwing van die hulp wat benodig word vir 'n spesifieke situasie.

- ii. Tydige, volledige en akkurate inligting ten opsigte van die aard en omvang van die situasie.
- iii. Gesamentlike beplanning en besluitneming waartydens die rol en take van die onderskeie magte duidelik uitgespel word.
- iv. Duidelike opdragte aan alle betrokkenes (veral waar die gebruik van vuurwapens ter sprake is).
- v. Gesamentlike beheer en monitering van optredes om te verseker dat dieselfde voorligting aan hoër SAP en SAW vlakke gegee word.

6.1.2.5 Samestelling van die Veikom op:

i. Streek- (GKS) vlak

Regional District Commandant

- (1) Voorsitter: Die SAP SK/Adj Sk Ops Tak of die SAW Kmdmt Bev, soos die situasie vereis.
- (2) Lede :
 - SAP
 - SAP(V)
 - SAW

Gekoöpteerde lede soos benodig
(bv Provinsies (Burg B), Gevangenisdiens, ens)
Sekretaris (SAP of SAW lid)

Nota: Waar daar meer as een SAP SK per GKS gebied is kan:

- Elke SK gebied 'n aparte Veikom aktiveer.
- Alle SK gebiede saam een Veikom vorm.

ii. Sub Streeks - (SAP DK en SAW GP) vlak

- (1) Voorsitter : SAP DK of SAW Gp Bev, soos die situasie vereis.
- (2) Lede :
 - SAP
 - SAP(V)
 - SAW

Gekoöpteerde lede soos benodig
Sekretaris (SAP of SAW lid)

Nota:

(1) Die afskaffing van Sub GBS'e het vir die SAW en veral vir die SAP 'n vakuum ten opsigte van gesamentlike optredes op DK en GP vlak gelaat.

(2) Omdat dit belangriker is dat sinvolle skakeling op hierdie vlak eerder as die plaaslike vlak geformaliseer word, is besluit dat Veikoms hier aktiveer moet word. Hierdie Veikoms sal gebeurlikheidsplanne vir die hele streek opstel en deur die lynfunksiekanaal na die SAP en SAW verteenwoordigers op plaaslike vlak (SAP SB en SAW komdo) versprei.

iii. Veiligheidsmagbetrokkenheid by die PKS op Plaaslike vlak.

- (1) Daar sal dus geen formele Veikom op plaaslike (PKS) vlak bestaan nie. Die SAP

SB en die SAW Komdo Bev moet egter die PKS vergaderings in hulle spesifieke gebiede bywoon en sorg dat daar wedersydse koördinerings ten opsigte van veiligheidsaksies plaasvind.

(2) Indien daar Veiligheidsprobleme op plaaslike vlak opduik wat nie in terme van lynfunksie bevoegdheid afgehandel kan word nie, moet die betrokke departement (SAP of SAW) dus by die DK/Gp vlak Veikoms om hulp aanklop.

6.1.2.6 Skakeling met die GKS en PKS.

Die streek- en sub-streek Veikoms moet in hulle spesifieke gebiede by die GKS en PKS'e inskakel. Dit is die plig van veiligheidslynfunksionarisse om, waar moontlik, welvaartsinstansies betyds in te lig wanneer veiligheidsmagoptredes inbreuk gaan maak op die lynfunksieverantwoordelikhede van die welvaartsdepartemente.

6.1.2.7 Verslagdoening

i. Gesamentlike veiligheidsprobleme wat nie op grondvlak opgelos kan word nie, moet langs die lynfunksiekanaal na die sub-streekvlak Veikoms, daarna na die streekvlak Veikoms, en laastens na die nasionale vlak (GVS) verwys word.

ii. Slegs GKS Veikoms moet 'n afskrif van hulle notules aan die GVS stuur.

iii. GKS Veikoms moet maandeliks (die derde Donderdag van elke maand), 'n vorderingsverslag oor die stabilisering van hulle spesifieke gebiede by die GVS indien. Hierdie verslae moet met die betrokke GKS voorsitters uitgeklaar word voor versending aan die GVS.

6.1.2.8 Funksies

i. Identifisering van terreine vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes.

ii. Koördinerings van gesamentlike veiligheidsmagoptredes.

iii. Opstel en deurlopende opdatering van gebeurlikheidsplanne vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes wat daarop gemik is om enige negatiewe veiligheidsituasie wat bestaan of potensieel kan ontwikkel, te hanteer.

iv. Bepaling van gesamentlike opleidingsbehoefes.

v. Verslagdoening.

i. Streek Veikoms aan die GVS.

ii. Sub-streek Veikoms aan die streek Veikoms.

6.1.2.9 Werkswyse

i. Veikoms vergader soos die situasie vereis, maar minstens een keer elke twee maande.

ii. Elke vergadering moet as 'n werksessie beskou word. Indien daar nie dringende werk is wat gesamentlik afgehandel moet word nie, moet elke departement dus afsonderlik voortgaan met sy lynfunksie.

iii. Veikom werksaamhede kan of pro-aktief (as inligting oor 'n toekomstige bedreiging bekend raak) of re-aktief (as die probleem reeds bestaan) wees. Die Veikom behoort egter pro-aktief ingestel te wees.

iv Die Gesamentlike Operasie Sentrum (GOS)

(1) Wanneer gesamentlike operasies uitgevoer word, moet 'n Gesamentlike Operasie Sentrum (GOS) aktiveer word om die operasie te bedryf.

(2) Die bemanning van die GOS sal deur die Veikom bepaal word.

(3) Gesamentlike werksprosedures wat elke moontlike veiligheidsituasie dek, moet vir die GOS opgestel en aan alle VM'e versprei word.

7. INLIGTINGSVOORSIENING AAN GKS'e/PKS'e

7.1 Met die ontbinding van die GIK'e/GIS'e in GBS-verband het 'n leemte op grondvlak ontstaan met betrekking tot interdepartementele skakeling ten opsigte van veiligheidsinligting. Gedurende samesprekings tussen NI, die SAP en SAW is dus besluit dat:

